

17 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Konings 5 (OAV)

Fokusgedeelte: 2 Konings 5:1

Die groot “maar”

Naäman was die leerowerste van die Arameërs. Hy was ‘n belangrike man, maar hy was melaats. Daardie indrukwekkende militêre uniform van Naäman, het ‘n dodelike siek liggaam bedek – ‘n liggaam waarop die vingerafdrukke van die dood reeds sigbaar was.

Daar was al baie hoogaangeskrewe, belangrike mense wat met daardie MAAR in hulle lewe te doen gehad het. Beethoven was ‘n geniale komponis, MAAR op die jeugdige ouderdom van dertig begin hy doof word en op nege-en-veertig was hy stokdoof. Eugene Marais was ‘n bekende digter, MAAR ‘n dwelmverslaafde wat uiteindelik sy hand aan sy eie lewe slaan. Paulus was ‘n kragtige apostel van Jesus Christus, MAAR hy moes worstel met die doring in die vlees.

In sy belangrikheid is Naäman en so ook elke mens, omring deur ondeugde soos hoogmoed en eiesinnigheid. Naäman gaan wel op aanbeveling van ‘n Joodse slavin in sy huishouding na die profeet Elisa, maar om hom sewe maal in die Jordaan te gaan was, was een te veel vir hierdie belangrike man. Sy hoogmoed dryf hom tot eiesinnigheid, daarom het hy omgedraai en vererg weggery.

Die evangelie van verlossing kom net so eenvoudig na jou en my toe, as wat Elisa se raad om gesond te word, tot Naäman gekom het.

1 Joh 1:7 “...die bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sonde.”

1 Joh 5:12 “Hy wat die Seun het, het die lewe.”

Vanweë die sonde is ons almal melaats, MAAR wie die Seun het, het die lewe en is rein gewas in die “Jordaan” van sy bloed.

Sing: Psalm 38:1,17

Ds PA Smit (Emeritus)